# TEÏSTIES-ORGANIESE INSPIRASIE.

In sy **Dogmatiek** noem Haering die inspirasie die „Diktat des Heiligen Geistes”. Dit is die meganiese inspirasie, waarby die Heilige Gees deur die Bybelskrywers sou spreek soos die menslike stem deur 'n grammofoon of waarby die Heilige Gees aan iemand sou dikteer. Die meganiese inspirasie word deur Bavinck omskrywe as so 'n inspirasie „welke, eenzijdig nadruk leggende op het nieuwe, het supranatureele element, dat in

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

lijkheid losmaakt en uit de historie van hun tijd uitlicht, om hen alleen nog te doen fungeeren als bewustelooze en willooze instrumenten in die hand des Heiligen Geestes”.[1]

1. Geref. Dogmatiek[3] I, p. 455.

Dit is te begryp dat die Etiese en Moderne teoloë die Geref. opvatting van die inspirasie verwerp, maar dit getuig van onkunde wanneer vele van hulle aan ons nog 'n meganiese opvatting van die inspirasie toedig. Die meganiese opvatting van die inspirasie was dan ook nooit die leer van die Geref. teoloë nie. Selfs Augustinus het nie geleer dat die Bybelskrywers onder die diktaat van die Heilige Gees willose organe gewees het nie. Die geïnspireerde het geen oomblik sy bewussyn verloor nie, dit is veeleer verhoog en verskerp.

Calvyn het hom dan ook aangesluit by Augustinus en by die ou kerkvaders: „Wanneer dan ook de oude kerkvaders en de Reformatoren van diktaat door den Geest spreken en de Bijbelschrijvers klerken, griffiers, handlangers van den Geest noemen, dan willen ze daarmee alleen vastleggen, dat alles tot in de woorden toe aan den Geest als eerste Auteur te danken is. Zij belijden daarin hun geloof in de letterlijke inspiratie van de Schrift zonder tot een mechanische opvatting te vervallen".[2]

Al het die ou kerkvaders en Reformatore nie 'n meganiese opvatting van die inspirasie geleer nie, tog is die persoonlikheid van die Bybelskrywer nie werklik in aanmerking geneem nie. Daarom het teoloë soos Kuyper, Bavinck, Hodge e.a. ons oog geopen vir die histories-organiese karakter van die openbaring en die organiese inspirasie.[3] Die Heilige Skrif self leer ons om die inspirasie net soos die profesie ook nie meganies nie maar organies op te vat. Die leiding van die Heilige Gees vernietig in die inspirasie nie die selfwerksaamheid van die mens nie, maar bevestig en versterk dit juis. Die Heilige Gees het in die profete en apostels self ingegaan en het hulle also in diens geneem en gelei.

Ons gee die woord weer aan Bavinck: Hy sê: „Hun aangeboren aanleg en aard, hun karakter en neiging, hun verstand en ontwikkeling, hun gemoedsaard en wilskracht worden door de roeping, welke later tot hen komt, niet te niet gedaan, maar, als zelve reeds aan te voeren door den Geest des Heeren gevormd, nu ook door dien zelfden Geest in dienst genomen en gebruikt; hun gansche persoon met alle gaven en krachten wordt dienstbaar aan de roeping, waartoe zij geroepen worden".[4]

Bavinck wys dan verder daarop dat die Heilige Gees by die beskrywing van die Woord van God niks mensliks versmaad het om tot orgaan

2. Dr. A. D. R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, I, p. 182, 183.
3. Dr. A. G. Honig: Om Gods heilig Woord, p. 36.
4. Geref. Dogmatiek[3] I, p. 457.

van die goddelike te dien nie. Die organiese opvatting van die openbaring en inspirasie bring dus mee dat die gewone menslike en natuurlike lewe nie uitgesluit nie maar diensbaar gemaak is aan die gedagtes van God. Daardeur is volkome verklaarbaar die verskil in taal en styl, in karakter en indiwidualiteit, wat in die Bybelboeke opgemerk word.

Die ondersoek (Luk. 1: 1), die gebruik van bronne en hulpmiddels waarvan 'n outeur by die skrywe van 'n boek hom bedien, word deur die inspirasie nie versmaad of uitgesluit nie, maar daarin opgeneem en aan die doel wat God beoog diensbaar gemaak.

Hierdie organiese inspirasie bly 'n wonder. Daar is dan ook geen sprake dat die organiese inspirasie die Heilige Gees van sy misterieuse karakter wil ontdoen en dat dit alle Skrifvrae wil oplos nie. . Ons het met die organiese inspirasie nog glad nie volkome helderheid bereik oor die aard en konsekwensies daarvan nie. Dr. Berkouwer sê dan ook tereg: „We meenen zelfs te kunnen zeggen, dat meermalen te veel verwacht werd van de organische inspiratiegedachte in verband met allerlei moeilijkheden, die zich voordeden'.[5]

Daar is 'n goddelike en 'n menslike faktor by die totstandkoming van die Heilige Skrif. En nou is dit die groot vraag: Watter verhouding bestaan daar tussen hierdie twee faktore? Dit is die groot probleem waarvoor ons ook in ons kringe nog nie 'n bevredigende oplossing gekry het nie. Dr. Polman sê: „Het wonder is niet in onze termen vast te leggen. Het beste is eenvoudig van de Theopneustie der Schrift te spreken of van „theïstische inspiratie", waarin dan de zelfwerkzaamheid der tweede auteurs onder de drijving des Geestes door de toevoeging „theïstisch" wordt aangegeven. Dr. Polman is bevrees dat die menslike faktor in die inspirasie sal beklemtoon word ten koste van die goddelike faktor, daarom wil hy die term „organies" weglaat en dit vervang deur „teïsties".

Ook dr. J. Ridderbos het daarop gewys dat die term „organies", op die inspirasie toegepas, „van deze slechts een bepaalden karaktertrek—en dezen dan nog gebrekkig—beschrijft; wat in de inspiratie de hoofdzaak is, het bovennatuurlijk karakter, wordt er niet door aangeduid".[7]

Dit is volkome waar, maar die term „teïsties" dui weer nie die selfwerksaamheid in die organiese inspirasie aan nie. Ons mag die term „organies" nie oorboord gooi nie, want dan loop ons gevaar om verseil

5. Het Probleem der Schriftkritiek, p. 317.
6. Het Dogma der Kerk, p. 95.
7. Geref. Schriftbeschouwing en organische opvatting, 1926.

te raak in die waters van die meganiese inspirasie. Ons mag die term „organies" ook nie te sterk beklemtoon nie. Dan „dreigde het gevaar, dat men dit menschelijk instrument op zichzelf ging bezien en ten opzichte van de inspiratie ging verzelfstandigen. Op deze wijze werd het menschelijk instrument een zelfstandige faktor naast de goddelijke faktor en ging men vergeten, dat het kernpunt van de organische inspiratie niet was een verzelfstandiging van het menschelijk instrument of orgaan, maar een in dienst nemen door den Geest van het inderdaad echt-menschelijk instrument."[8]

Bavinck was self van hierdie gevaar deurdronge. Hy wys daarop dat die organiese beskouing „meermalen gebruikt is om juist aan het auteurschap des Heiligen Geestes afbreuk te doen."[9] Daarom moet ons daarteen waak dat „organies" die inspirasie nie in gevaar bring nie. En dit veral waar moderne teoloë beweer dat ons deur die aanvaarding van die organiese inspirasie op hulle standpunt staan.[10] So gebruik Otto Weber in sy onlangs verskene **Grundlagen der Dogmatik** die naam **organisch** by sy uiteensetting van die Theopneustie.[11]

Ons mag die term „organies" nie gebruik as iets wat op sigself staan nie. „Organies" is slegs 'n adjektief by die goddelike soewereine daad van die inspirasie, maar hierdie goddelike soewereine daad van die inspirasie word nie altyd in die oog gehou as ons die term „organies" gebruik nie. Ons wil die term „organies" in verband met die inspirasie in ons Gereformeerde teologie behou. „Teïstiese" inspirasie los die probleem nie op nie.

Ons moet wel waak dat die „organiese" nie die inspirasie in gevaar bring nie. Dit bly 'n goddelike daad, maar mag nooit 'n diktaat van die Heilige Gees word nie.. Die ryke lewe van die Bybelskrywers met al hulle talente en gawes moet deur die Heilige Gees in sy diens geneem word. Dit moet so in sy diens geneem word dat ons in die effek van die inspirasiedaad voor ons die een onfeilbare Woord van God het. Dr. Berkouwer merk op: „Elke opvatting, die tot resultaat heeft, dat op de eene of andere wijze een dualistische scheiding wordt aangenomen of tusschen het goddelijke en het menschelijke in de Schrift of ook binnen het menschelijke, doet te kort aan het mysterie der Heilige Schrift".[12]

---

8. Dr. G. C. Berkouwer: Het Probleem der Schriftkritiek, p. 317.
9. Geref. Dogmatiek[3] I, p. 460.
10. Dr. K. Dijk: Het Profetische Woord, p. 367, 368.
11. Dl. 1, p. 261.

Ons moet waak dat ons begrip van „inspirasie" nie die „organiese" opsy dring nie. Dit sou baie jammer wees. Om posisie teen ons teenstanders wat beweer dat ons deur die aanvaarding van die organiese inspirasie op hulle standpunt staan, in te neem is dit nodig dat ons die naam **organiese** inspirasie wysig en verander tot **teïsties-organiese** inspirasie. Hiermee sny ons dadelik die gevaar af dat moderne teoloë meen dat ons op hulle standpunt staan. Die inspirasie bly also die volle daad van God en die volle daad van die mens. Dit is God wat sy Bybelskrywers met al hulle gawes en talente so gebruik dat Hy in die inspirasie sy goddelike gedagtes uit sy goddelike bewussyn indra in die bewussyn van die skrywers. Ons onderskei ons deur die term **teïsties** dadelik van die dinamiese of personele inspirasie. En deur die term **organiese** naas **teïsties** te behou, onderskei ons ons dadelik van die meganiese inspirasie, wat van die Bybelskrywers willose instrumente in die hand van die Heilige Gees maak. As ons die term **teïsties-organies** by inspirasie gebruik, dan is die gevaar nie so sterk dat ons die menslike faktor ten koste van die goddelike faktor sal beklemtoon nie. Ons moet teïsties in ons opvatting bly, ook al behou ons die term **organies.**

Die gevaar wat die woord „organies" inhou, word wel nie afgesny deur die woord „teïsties" daarvoor te voeg nie, maar dit wys dan tog aan die buitewêreld in watter sin ons Gereformeerdes die inspirasie opvat. Die organiese inspirasie is tog alleen dan vir ons van betekenis, wanneer dit vir ons die Heilige Skrif des te meer laat verstaan as die Woord van God. Daarom verset die leer van die organiese inspirasie hom teen alles wat afbreuk doen aan die outeurskap van die Heilige Gees.

Dit is waar, Kuyper en Bavinck spreek van die swak en nederige diensknegsgestalte van die Heilige Skrif, maar nie in die sin van Althaus nie. By hulle is die diensknegsgestalte verbind met die belydenis van die onfeilbaarheid van die Skrif. Vir kritiek op die Skrif was daar vir hulle geen plek nie.. Bavinck wys daarop dat die menslike in Christus, hoe swak en nederig ook, tog vry gebly het van die sondige; so is ook die Skrif sine labe concepta.[13] Dit is menslik in al sy dele maar ook so theia panta.

P. J. S. DE KLERK.

---

12. a.w., p. 326.
13. Geref. Dogmatiek[3] I, p. 460.